



BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa
Tel/Fax: 051 430 4352

23 Maart 2009

Geagte Braunvieh telers,

Ons eerste Internasionale Nasionale skoukampioenskappe is voor die deur en ek glo u is almal al besig om die diere gereed te kry vir die groot skou. Ons is bevoorreg om ook vanjaar telers van Namibië te hê wat teen ons kom meeding. Ons hoop almal is so opgewonde soos ek wat baie uitsien na die hoogtepunt op ons kalender. Dit gaan baie lekker wees om u almal weer te sien en saam te kuier.

Ons hou weer vanjaar 'n boeredag vir opkomende boere die Dinsdag 28 April 2009 om 10:00. Ons hoop om weer baie media dekking te kry vir ons ras met die boeredag. Pieter de Villiers het 'n bul geskenk wat tydens die boeredag aan een van die gelukkige boere oorhandig gaan word.

Die amptelike skou verrigtinge begin op Woensdag 29 April en duur tot 1 Mei 2009. Die beoordeling begin stiptelik reeds Woensdag middag 29 om 14h00 met die beoordeling van die groep klasse en ons hoop om Donderdag 30 April om 08:00 met die beoordeling van die individuele klasse te begin.

Ons hou Donderdag 30 April 2009 om 17:00 by die Polisie klubhuis op Vryburg ons algemene jaarvergadering waarna ons almal saam lekker gaan kuier. Al die trofees en toekenings gaan dan ook aan die lede oorhandig word.

Raadsbesluite

1. Die raad het besluit dat elke teler met 'n honderd rand gefaktueer sal word, om te help om die koste te dek.
2. Ons gaan 'n kuier tent opslaan langs die bees stalle. Indien 'n lid addisioneel wil adverteer in die tent, kan hy teen R250 'n A3 advertensie opsit in die tent.
3. Indien 'n lid in die beoordelaarsring wil adverteer, kan 'n banier van 1meter by 0.5 meter vertoon word, teen R250. Die koste van die maak van die advertensie is egter vir die lid. Lede wat selfs nie uitstal nie ka nook hulle advertensies plaas.
4. Beoordelaars wat deur die uitstallers aangewys is, is: Bennie Coetzer, Schalk Erlank en Willem Pretorius. Die ringgids is mnr Pieter Erasmus en die stalgids is Mnr Thys Grobler.
5. Die jaarvergadering sal plaasvind op 30 April om 17h00 in die Polisieklub gebou te Vryburg, daarna vind die prysuitdeling en onthaal plaas.
6. **Kleredrag vir tou leiers.** Die raad het besluit die kleredrag sal as volg wees: blou-oorpak broek, swartwaterskoene, geel T-hemp met bloukraag en 'n pet van kakiëkleur. Plaas bestellings by Kobus Bezuidenhout 082 374 5022. Almal moet dieselfde lyk in ons nuwe drag.
7. **Hemde vir telers.** Ons het hemde bestel met die nuwe logo op en die koste is R220, en almal moet dit die dag van beoordeling 30 April dra. Groot asseblief!!!
8. Vrydag 1 Mei om 11:00 vind die internasionale "**Braunvieh veiling**" plaas en u moet dit nie misloop nie. Daar word 41 bulle en vroulike diere aangebied. Al die diere sal vooraf gekeur word.
9. Die raad wil 'n beroep doen op alle telers om in te skakel by prestasie toetsing, selfs fase A+B anders kan ons nie die ras se databasis sinvol in plek kry nie. Om te **weet moet ons weeg.**
10. Ons verwelkom die nuwe telers in die genootskap, naamlik Crafford en seuns, Harry Marks en Jaap D Dreyer. Ons hoop hulle sal gelukkig wees met die beste. Skakel spoedig in sodat ons mekaar kan leer ken.
11. **TOEKENING VAN PORTEFEULJES AAN RAADSLEDE**
Die volgende portefeuljes is aan die verskillende raadslede toegeken:
Pieter de Villiers - Boeredae, Skoue, uitstallings en veiling.
Christopher Hanvenga - Reklame, web adres en klere.
Kobus Bezuidenhout - Joernaal en nuusbriewe.
Bennie Coetzer - Opleiding, prestasie toetsing, keurder inspeksies en Nampo.
Cois Harman - Stamboeksaak, Finansies en Sekretariaat.

Ons hoop om elke teler te sien op Vryburg al kom u nie skou nie, kom kuier en ondersteun die ras, dan kan u ook sien waarheen beweeg die ras.

Dit was dan ook ons eerste vergadering saam met die sekretariaat. Alles het mooi en vlot verloop. Dankie aan Liezel van Heerden vir al haar harde werk en voorbereiding.

Nuus vanaf die plaas dit het lekker gereën en die gesaaides lyk goed, maar die beste bly maar die mooiste.

Groot dank aan ons Skepper vir die milde reën en seëninge.

Enige nuus wat iemand met ons wil deel is baie welkom. Stuur gerus julle foto's vir ons dan deel ons ook in jou vreugde.

Sien julle in Vryburg

Braunvieh groete,

Kobus Bezuidenhout